INTERVARSITY-UITGAWE DEEL II.

# die wapad

DEEL XV SATERDAG, 23 MEI 1959 NR. 8

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

## OUKIES ALM O'19 IN

In 'n wedstryd wat soms pragtige hoogtepunte opgelewer het en waarin die bal lieflik rondgegooi is, het U.O.V.S. se O/19 A-span vir Puk 6—3 geklop.

Die wedstryd is gekenmerk deur 'n taai stryd tussen die voorspelers wat goed teen mekaar opgeweeg het. Alhoewel die skrums en lynstane baie gelykop verloop het, het die Kovsiesagterlyn met groter slaankrag telkens die Pukke kwaai op die verdediging gehad.

Met die Vrystaatse senter, Cilliers, op sy beste en skitterende diens van sy losskakel Badenhorst, kon die vleuels Kleynhans en De Kock die Pukke gereeld op die verdediging dwing.

Puk se agterlyn het nie dieselfde slaankrag aan die dag gelê nie, en Grundlingh kon aanvanklik nie sy beste vorm herwin nie. Enkele pragtige breekslae deur Grundlingh en Richards was nie genoeg om die Kovsies se hegte verdediging te deurdring nie.

Voor rustyd het Cilliers na 'n pragtige breekslag 'n drie gaan druk. Puk se enigste punte het in die tweede helfte gekom met 'n skepskop deur Grundlingh.

Daarna het Jacobs pragtig gebreek en gaan druk.

# BLOEMFONTEIN DOEN DIT WEER!!

**DIE NEGENTIENDE INTERVARSITYBOTSING TUSSEN DIE UNIVERSITEITE POTCHEFSTROOM EN BLOEMFONTEIN IS OP OORTUIGENDE WYSE GEWEN DEUR DIE VRYSTAATSE SPAN MET 24 PUNTE TEENOOR 6. DIE PUKKE WAT SELF BEKEND IS VIR HULLE SKITTERENDE SAMESPEL IS IN HIERDIE AFDELING VOLKOME OORSKADU DEUR DIE VRYSTATERS. ALHOEWEL DIE GROOT TELLING NIE 'N PRESIESE WEERGAWE VAN DIE VERLOOP VAN DIE SPEL IS NIE, HET DIE VRYSTATERS VERDIEN OM TE WEN.**

'n Kenmerk van die botsing was die skoon en oop spel. Dit was tipiese studenterugby met studentegees. Die bal is lustig heen en weer gegooi en die voor- en agterspelers het pragtig bymekaar aangesluit. Alhoewel die Pukke die oorhand in die skrums gehad het, het die Vrystaters vir Bok Fourie en Piet van der Schyff so vasgeslê dat die bal die vleuel selde uit 'n volle agterlynbeweging bereik het. Gevolglik kan die Pukke se agterlyn wat as geheel gevaarliker as dié van hulle teenstanders voorgekom het, nie volle gebruik van hulle geleenthede maak nie.

Nelie Smith, U.V. se kaptein was die brein agter sy span se oorwinning. Hy het nie alleen met briljante breekslae voor die dag gekom nie, maar telkens na die voorspelers teruggespeel; en die manier waarop Stoney Steenkamp en Henry Meyer by hom aangesluit het, was iets waarteen geen span bestand is nie.

Die voorspelers het baie goed teen mekaar opgeweeg en veral in die eerste helfte was daar niks te kies tussen die twee spanne nie. Die losvoorspelers van albei kante het met skitterende verdediging en aanval voor die dag gekom, maar die groter ervaring van die Kovsies het die deurslag gegee. Die lynstaanwerk was oor die algemeen nie baie aanskoulik nie omdat die slotte Pieter Goosen en Paal Pretorius, en Herman Venter en Martin van der Walt ewe sterk was. Daarom was daar ook so baie onbesliste lynstane. In die skrums was die stryd ook baie gelykop alhoewel die Puk hier die oorhand gehad het.

Wat die agterspelers betref, was daar min te kies tussen die heelagter Toy Dannhauser en Koot van Wyk nie. Albei se posisionele spel en skopwerk was van die beste, en die Vrystater was een van sy span se uitblinkers. U.O.V.S. se linkervleuel Ernest du Plessis het telkens blitsig langs die lyn afgehardloop en is 'n paar keer duime voor die doellyn gekeer.

Bennie van Niekerk het as senter be-indruk en dit lyk asof hy weer sy beste vorm herwin het. Hy en Jacobs het menigmaal die Pukke in die lug laat gryp en hulle het ook rotsvas verdedig. Die Pukvleuels het minder geleentheid gehad om hulle ware sterkte te toon.

As gevolg van die hegte verdediging van U.O.V.S. se losvoorspelers kon Bok Fourie nie sy agterlyn so vinnig wegstuur soos Nelie Smith wel gedoen het nie. Die Puk se skakelpaar het egter gladnie afgesteek by hulle teenstaanders nie, maar het nie dieselfde ondersteuning van hulle losvoorspelers gehad nie.

U.V. het die Intervarsity gewen nie omdat die Pukke swak vertoon het nie, maar omdat daar groter samespel en ondersteuning tussen voor- en agterspelers was. Die Vrystaters het die veld vol gehardloop en daar was altyd 'n man by om die bal te ontvang. Hierdie skitterende samespel het uiteindelik die deurslag gegee.

Die Pukke het eerste bloed geruik toe Toy Dannhauser na twee minute met 'n strafskop slaag. In die sewentiende minuut het Paul Marais met 'n netjiese skepskop die telling gelyk gemaak. Hierdie telling was dan ook 'n geie weergawe van die spel tot rustyd.

Ses minute na rustyd slaag Dannhauser met nog 'n strafskop en daarna het die Vrystaters gate in die Puk se verdediging geslaan. Van Niekerk het sy eerste drie gedruk na 'n pragtige breekslag deur Marais, en Steenkamp was by om die Vrystaatse senter oor te stuur. Stoney Steenkamp vervyf en slaag kort daarna met twee strafskoppe. Ernest du Plessis druk die Kovsies se tweede nadat Van Niekerk vorentoe gedribbel het en Steenkamp, die alomteenwoordige Vrystater, by was om die vleuel oor te stuur. Bennie van Niekerk baan daarna sy weg oop, hardloop sestig tree, en druk langs die linkerpaal vir Steenkamp om te vervyf en die eindtelling te staan te bring op 24—6.

Aan die Kovsies: baie geluk. Hulle het dit weer gedoen! Hulle het dit verdien. Dankie vir 'n aangename Intervarsity.

## Voetbal:

### FIRES:

Fires se wedstryd is gekenmerk deur laagvatte en harde spel aan beide kante. Die uitslag was in die weegskaal, maar kaptein Ben van der Walt het die wendrie aangeteken en die eindtelling op 9—8 in Puk se guns te staan gebring. Puk het eerste bloed geruik, toe Hennie Weber 'n drie gedruk het. Die vervyfskop het misluk. Kort hierna het Gustav du Toit 'n verdere onvervyfde drie aangeteken. 'n Strafskop deur Labuschagne van U.O.V.S. het die Kovsies weer moed gegee en kort hierna het Meiring 'n drie gedruk wat deur Labuschagne vervyf is.

Toe dit reeds gelyk het asof U.O.V.S. met die louere sou wegloop, het Ben van der Walt, na 'n stormloop deur die voorspelers, die wendrie aangeteken, die vervyfskop het misluk en die eindtelling was 9—8.

### ONDER 19B:

Puk se onder 19B-span het in 'n spannende wedstryd wat in die laaste oomblikke beslis is, daarin geslaag om die span van U.O.V.S. met 14 punte teen 6 te verslaan.

Vir U.O.V.S. het Lubbe, vleuel, 'n drie gedruk terwyl kort daarna 'n Kovsie agter die doellyn gaan kuier het. Drieë is vir Puk gedruk deur Lindeque (een), Van Rooyen (een) en Van der Merwe (twee).

Die vleuel, Theron, het met een vervyfskop geslaag.

Puk het vinnig afgesit, maar die tempo het verslap na halftyd. Met die telling op 8—6, in die guns van die Pukke, het die onder 19's weer reggeruk, en die voorspelers het pragtig saamgespeel. Met 'n besliste laaste stormloop het twee drieë, deur Van der Merwe, kort op mekaar gevolg, wat die eindtelling op 14—6 te staan gebring het.

### III C

In 'n harde, taai wedstryd wat soms taamlik toiingrig was, het U.O.V.S. se III C-span vir Slippers geklop met 10 punte (twee doele) teenoor agt (een doel en 'n strafdoel).

Uitblinkers onder die Pukke was veral Hoppie Roets, terwyl die Kovsies se agterlyn groter slaankrag as die Pukke aan die dag gelê het. Veral hul losskakel, De Kock, wat een drie aangevoer het en 'n ander een gedruk het, het die oog gevang.

### TEKKIES:

In 'n harde, maar onaanskoulike wedstryd, wat hoofsaaklik tussen die voorspelers beslis is en met sporadiese opflikkeringe deur Kovsies se agterlyn, het die Vrystaters se III B span die Pukke oorrompel met 16—3.

Die Kovsies se voorspelers en agterspelers het die Pukke oorskadu en die agterlyn het dan ook vier keer oor die doellyn gegaan. Twee drieë is vervyf, terwyl Puk se enigste punte gekom het van 'n strafskop.

## NAVY BEHAAL KLINKENDE OORWINNING

**Die Puk se tweede span het 'n oortuigende oorwinning van 16—3 oor U.O.V.S. se tweede span behaal in 'n wedstryd wat hard en taai was en soms pragtige hoogtepunte opgelewer het. Die Puk het veral in die tweede helfte die Vrystaters oorskadu en deurgaans die toon aangegee.**

Vroeg in die eerste helfte het U.O.V.S. al bloed geruik toe J. van Heerden met 'n moeilike strafskop geslaag het. Hierna het die Pukke geleidelik begin veld wen en sterk op die aanval gebly. Die Pukagterlyn was dan ook meer gevoer namate Swart op stryk gekom het. Swakkerige hanteerwerk het egter gulde kanse vir die Pukke verlore laat gaan. Navy het ook enkele skrums van die vaskopkant af gewen. Die losvoorspelers van die Pukke het dan ook gedurig die oog gevang. Puk se eerste punte het gekom van 'n mooi opportunistiese drie deur Weber, wat ongelukkig sodanig beseer is dat hy die veld verlaat het. Nou het die Pukke slegs met sewe voorspelers gespeel, en effens swaarder geleef. 'n Rukkie later het Rassie van der Westhuizen met 'n maklike strafskop geslaag. Die rustydtelling was dan ook 6—3.


Na rustyd het Vaatjie Weber weer op die veld verskyn, maar het toe agtsteman gaan speel terwyl Koos du Plooy op die vleuel gebly het. Aanvanklik was die spel dood, maar later het daar opflikkeringe aan weerskante gekom. Albei agterlyne het nou gladder en vinniger beweeg, en Van Heerden van U.O.V.S. het een of twee keer mooi by sy agterlyn aangesluit. Die verdediging het rotsvas gebly en die Kovsies kon nie by Rassie van der Westhuizen verbykom nie.

Die eerste punte het gekom na 'n pragtige breekslag deur Oescher. Van der Westhuizen het vervyf.

Kort voor die einde van die wedstryd het Lou Erasmus op die 10-tree-lyn opgetel, al sy teenstanders geflous en in die hoek gaan druk. Van der Westhuizen het weer vervyf om die eindtelling op 16—3 te staan



**STONEY STEENKAMP, U.O.V.S.-agtsteman en oud-Puk.**



**FRANS DE BRUYN — Puk se kaptein.**

## MANSHOKKIE

**EERSTE SPAN:**

Puk se eerste manshokkiespan het in 'n aanskoulike en taai botsing daarin geslaag om die Kovsies met twee doele teen een met die kous oor die kop huistoe te stuur. Oor die algemeen het die spanne baie goed teenoor mekaar opgeweeg, en in die eerste helfte het die Pukke met pragtige samespel, die botoon gevoer. Ongelukkig het die wedstryd in die tweede helfte verslap.

Vir die Pukke het Frans Forster en Sydney Andrews elk 'n doel geslaan en Gert Snyman, die P.U. kaptein, en Ben Potgieter was oral by die bal. In die Kovsiegeledere het veral Hennie Klopper die oog telkens gevang.

**TWEEDE SPAN:**

Die tweede span van die Puk kon egter nie die pyp rook teen die Vrystaters nie, en moes die aftog blaas met twee doele teen een.

Alhoewel die hokkie nie van dieselfde gehalte as die van die eerste wedstryd was nie, het die spanne mekaar goed opgedreun en goed teen mekaar opgeweeg.




INDERDAAD, MY VRIEND!
by
**G. & H. JUWELIERS**
129 Kerkstraat. Tel. 1031




Ons maak 'n klankie vir
**Kollege Kontantwinkel**
SOMMER HIER BY U!
Tel. 2912.



**Vir al u**
**TRAPFIETSE, N.S.U.-BROMFIETSE, BROMPONIES, MOTORFIETSE, ONDERDELE, en HERSTELWERK,**
besoek — **PARK FIETSWINKEL**
(F. F. Tranter)
H/v. Van Riebeeck- en Lombardstraat. Foon 995
Asook: KRUIDENIERSWARE EN VARS PRODUKTE




**AITSA!**
As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere
by—
**J. TOD SUTTIE**
Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.




Drink die beste!
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO
**S & S**
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
**POTCH MINERAL WATERS**



**Geen Verwarmers toegelaat?!**
Ontsteek 'n hopie
KOLE, SMITSKOLE, of ANTRASIET van
**Stander & Linder**
Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367
in u kamer!



## Weghol-oorwinning op die Skaakbord

In die eerste Intervarsityskaakwedstryde van die afgelope paar jaar, het die Pukke bewys dat hulle tenminste, wat logiese denke en konsentrasievermoë betref, die Kovsies se bobaas is.

Puk het nl. 25—7 gewen in Vrydagaand se wedstryd. Johan Koen het net 'n uur nodig gehad om U.O.V.S. se kaptein, H. Barnard, mat te sit, terwyl Hannes Els, Andries van der Walt, Danie Joubert, Piet Venter en Josua Welding ook al hulle wedstryde gewen het. Op borde 6 en 8 moes J. Pieterse en J. Eloff egter die aftog blaas teen A. van Tonder en B. Victor van U.O.V.S.

Aangesien die entoesiasme vir skaak nog jonk is by die Kovsies, en die ervaring dus ontbreek het, sien ons uit na 'n volgende botsing—aanhouer wen!

## Gimnastiek:

Die P.U.-span het weereens koning gekraai oor die Oukies.

Die gimnaste van U.O.V.S. het beslis beter vertoon as met die vorige Intervarsity. Die Pukke was byna verras maar het sonder moeite die kampioen van die byeenkoms gelewer in die persoon van **Wynand Putter.**

(1) Mans: Kas—Dwars
Daniels (U.O.V.S.)
(2) Mans: Kas—Lank
J. van Niekerk (P.U.)
(3) Mans: Brug
W. Putter (P.U.).
(4) Dames: Balanseerbalk: Individuele reekse
E. Slabbert (U.O.V.S.)
(5) Dames: Balanseerbalk: Groepreekse
E. Ettling, I. Schoeman (P.U.)
(6) Mans: Tuimel
L. Watson (U.O.V.S.)
(7) Mans: Rekstok
W. Putter (P.U.)

Totaal: U.O.V.S. 136.9; P.U. 138.

## Dirigente-wysheid

**Wim: Kom ons staan op en lag vir hulle oukies.**
**Oukies: Ha-ha.**
**Hans: Tsk. tsk. — dat jy hulle nou moet VRA om vir jou te lag!**

**Hans: Ek sê ou Pêrebul, jy laat my baie aan 'n disselboom dink.**
**Wim: Hoe so?**
**Hans: Voor op die wa en tussen die donkies ou swaer.**

**Wim: Daagdie Tom Dooley van julle ou swaer — hy laat my dink aan 'n karakoelveiling —dit ruik nie lekker nie. Inderwaarheid — dit stink.**

**IDYLL: As kind was jy glo so verkrimp en swak dat jou ma 'n mikrofoon voor jou mond moes hou om te hoor as jy tjank.**
**Tye het nie juis vir jou veel verander nie.**

**PAUL: Jy het sulke ou hangskouertjies: as jy jou hemp uittrek val jou „tan" af.**

**PAUL: Waar ek vandaan kom het ons gereeld met Van der Walts geploeg — en dan kon ons die goed nie uitspan nie, want dan het hulle die tuie opgevreet.**
**SLURPIE: Waar ek vandaan kom kon ons die Marais' nie vir sulke konstruktiewe arbeid gebruik nie. Ons moes hulle op 'n hoop gooi om te vrot vir kompos.**


# die wapad

**Redaksie en Administrasie**

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode<br>en Frans van der Vyver | 1566.<br>1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren<br>en Bets Coetzee | X041.<br>0013. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe<br>en Marieke van der Merwe | 19.<br>281. |
| TEGNIESE ADVISEUR | Gouws Oberholzer | 2162. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**SATERDAG, 23 MEI 1959**




## REDAKSIONEEL
### VERBODE LEESSTOF

Dit was lekker Oukies.

Dit was 'n mooi oorwinning.

As julle nie gewen het nie, dan was dit vir my baster moeilik. Ek sou nie veel te sê gehad het nie.

Dis moeilik om te praat as jy aan die wenkant is —

Wat is daar eintlik te sê? Dis meer effektief om iemand anders jou beuel te laat blaas.

Die hoogtes van oorwinning is nie net eensaam nie, maar soms ook gevaarlik.

Tensy die balans goed is.

Hier onder in die vlaktes is dit so effens ongerieflik. Die mense en dinge kyk van bo op jou af, en mens kry die gevoel dat hulle dinge sien en oor dinge praat waaroor hulle nie sou gepraat het as jy op die hoogtes was nie.

Maar die luggie wat op die vlaktes trek is gesond, en die uitsig is voordelig — jy sien probleme van voor af, en hulle is naby genoeg om aan te pak.

Meer nog.

Die onderkant van 'n saak is eintlik die stormloopkant van 'n saak.

En as 'n man storm, dan storm jy boontoe.

Dan moet dit wat bo is stewig sit.

Want die momentum kom van onder af.

Of is ek nou besig om myself op 'n grootse manier te troos en moed in te praat?

Dit was aangenaam om julle hier te hê.

Dankie vir die mooi gees waarin alles kon plaasvind. Ons is besig om 'n mooi tradisie op te bou.

'n Aangename reis terug — ons beste wense vergesel julle.

TOT WEERSIENS!



DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

**Mooirivier-Apteek**

205. Kerkstraat

Telefoon 380.





**JANET says:**

for:
- SWEETS
- GRILLS
- COOLDRINKS

Take me to the —

**Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.**



**J. du Raan**

HORLOSIEMAKER EN JUWELIER

Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.

KERKSTRAAT 161

SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE



**PUKKE.....**



Vir julle BLÊRKASTE en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE

**W. J. SPAVINS en SEUN**

Kerkstraat 101 Tel. 185



**Kom Kyk!!**

35mm. KAMERAS se pryse nou vanaf £9/19/6

(P.V.S. Shutter 1 sek.—1/250 van sek.)

Films ...... ...... ...... ...... ...... 4/9

Ons los al u fotografiese probleme op.

**Beyers Claassen**

Lombardstr. 52

Telefoon 455





OP U PAD . . . .

**Die Welkom-kafee**

'N STUDENTEKAFEE!

* * *

H/v. President en Von Wiellighstrate.





Merkwaardig!
Vriendelike diens!
Vriendelike mense!

**Die SENTRALE GARAGE**

Potgieterstr. 39. Tel. 41

VANSELFSPREKEND!


**Ondersteun Ons Adverteerders**

# TOEKOMS VAN DIE BLANKE IN SUID-AFRIKA?

## U.O.V.S. Lewer Uitspraak

EEN VAN DIE EERSTE VELDSLAE IN DIE PAS AFGELOPE INTERVARSITY IS VRYDAGAAND IN DIE HOOFGEBOUSAAL DEUR DIE KOVSIES GEWEN. DIE REDENAARS VAN U.O.V.S. HET NL. HULLE STANDPUNT TEN OPSIGTE VAN DIE TOEKOMS VAN DIE BLANKE IN SUID-AFRIKA DIE OORTUIGENDSTE GESTEL.

MNR. STOFFEL ELLIS VAN BLOEMFONTEIN HET GESÊ DAT DIE VOORTBESTAAN VAN DIE BLANKE IN SUID-AFRIKA DEUR SLEGS EEN PROBLEEM BEDREIG WORD—DIE NATURELLEVRAAGSTUK. HIERDIE VRAAGSTUK IS 'N VERHOUDINGSVRAAGSTUK—DAAR IS TWEE BEVOLKINGSGROEPE WAT ALBEI SUID-AFRIKA AS HULLE VADERLAND ERKEN. DIE GETALSMINDERHEID VAN DIE BLANKE BEMOEILIK SAKE VERDER DEURDAT DIE BLANKE NIE AAN DIE NIE-BLANKES DIESELFDE REGTE KAN TOEKEN SONDER GEVAAR VIR SY EIE ONDERGANG NIE. VERDER SOU SO 'N STAP ONMOONTLIKE EKONOMIESE LASTE OP DIE SKOUERS VAN DIE BLANKES LÊ—IETS WAT IN 'N LAND SOOS V.S.A. NIE DIE GEVAL SAL WEES NIE VANWEË DIE BLANKES SE GETALSMEERDERHEID.

Mnr. Ellis het verder daarop gewys dat die nie-blankes in S.A. aanspraak kan maak op grond saam met die blankes, terwyl die negers in V.S.A. dit nie kan doen nie omdat hulle gelyktydig met die blankes die land binnegekom het. Die nie-blankes is hier, in teenstelling met Amerika, nog steeds in kontak met sy stamverband en sekere stamtradisies, en bly dus tot 'n mate geworteld in hierdie beskawing. Dit is dus moeilik om die nie-blankes op dieselfde beskawingspeil van die blanke te bring. Die nie-blankes is op die oomblik so 'n onmisbare faktor vir S.A. s ekonomie dat uitheemse nasies dit hulle op die hart druk dat hulle die land se ekonomie dra. Hierdie goedkoop arbeiders sal groter politieke en sosialeregte dra. Dit kan lei tot biologiese assimilasie. As die naturel die dag die grootste politieke regte besit, sal die blanke dan veilig wees?

Hierteenoor het Puk se inleier, Mnr. Lood van der Merwe, gestel dat Suid-Afrika die enigste draer van die Westerse kultuur in Afrika is. Die Weste kan dus nie bekostig dat Suid-Afrika vir hom verlore gaan nie, want dan sal die stryd om Afrika deur die Ooste gewen wees.

Die twee inleiers is verder ondersteun deur Mnr. Piet Botha en Mej. Norma van der Merwe van U.O.V.S., en Mnr. Louis Coetzee en Mej. Bets Coetsee van Puk. Mnr. Botha het die donker prentjie geskilder dat Suid-Afrika geen hulp van buite sy grense kan verwag nie, en dat, om sake verder te vertroebel, die Afrikanernasie nog onderling ook verdeeld is. Met hierdie feite in ag geneem, is dit vir Mnr. Botha duidelik dat die toekoms van die blanke in Suid-Afrika allermins veilig is.

Mnr. Louis Coetzee van P.U. het die toekoms egter glashelder voor hom gesien. Al die probleme wat deur die vorige sprekers geopper is, het volgens hom 'n oplossing. Hy grond sy optimisme op die Unie-regering se beleid van eiesoortige ontwikkeling wat stap vir stap uitgevoer word.

Mej. Norma van der Merwe sien die indringing van kommunisme as die blanke se grootste gevaar, terwyl Mej. Bets Coetsee glo dat die blankes met 'n doel in Suid-Afrika geplaas is, nl. die kerstening van die nie-blankes.

## Korfbal:

Die eerste korfbalspan van die P.U. het 'n klinkende oorwinning van 46 teenoor 13 oor U.O.V.S. behaal. Die Pukke het soos een man gespeel en die Kovsies behoorlik in die skadu gestel.

Dit was 'n baie aangename wedstryd en met meer ondervinding behoort die Vrystaters volgende jaar beter te vaar.


Ons het die wedstryd baie geniet en wens julle sterkte toe, Kovsies.

## DAMESHOKKIE

In die beste wedstryd van die dag het die Puk se eerste damesspan hulle segetog vanjaar voortgesit en U.O.V.S. oortuigend geklop met ses doele teen twee. Dit was 'n baie aanskoulike en beweeglgike wedstryd, die spelers het pragtig gekombineer en hokkie van 'n hoogstaande gehalte is gelewer —veral aan die kant van die wenspan.

Vir die Pukke het Albertha Howell, die Wes-Transvaalse speelster, drie doele, Ina Kleynhans twee en Marieke van der Merwe een, geslaan.

Alhoewel dit moeilik is om uitblinkers te noem, kan 'n mens tog nie nalaat om spesiale vermelding te gee aan Albertha Howell, Estie van der Walt en Ina Kleynhans aan die kant van die Pukke nie, terwyl die Kovsies se kapteine, Colleen Willoughby-Williams, pragtige spel gelewer het.



COLLEEN WILLOUGHBY-WILLIAMS — U.O.V.S. se hokkiekapteine.

## SSSH . . . BOEM!

**TWEEDE MANSHOKKIE:**

In 'n saai wedstryd het Puk se tweede manshokkiespan die onderspit gedelf teen U.O.V.S. met 2—0.

Die Kovsies se voorlyn was baie beweeglik en het die Pukkies oorskadu.

N. Oosthuizen het goeie veldwerk vir die Pukke gedoen, ook Botha en Fourie het uitgeblink.

Lategan, die Kovsie-vleuel het telkens die oog gevang met skitterende hanteerwerk.

## Dirigente-wysheid

**WIM: Die MANIER waarop jy daardie stokkie staan en swaai! Publiek nes 'n muskiet in 'n nudistekamp.**

**WIM: Ek hoor dat toe jy 'n baba was jy maagpyn en rugpyn op dieselfde plek gekry het.**

**HANS: En jy moet elke keer 'n grondboontjie insluk anders val jou broek af.**

**WIM: Daardie laaste gesegde van jou laat my dink aan 'n woestyn landskap waarop atoomtoetse gedoen word.**

**WIM: Al gehoor van 'n Duitse Karnaval?**

**HANS: Ja en jy?**

**WIM: Jy laat my aan so iets dink — met die klem op „val". Dit lyk of jy heel onlangs hard op jou gesig geval het.**

**HANS: Dis natuurlik ook net vandat jy van Ovamboland af teruggekom het dat jy gehoor het van 'n karnaval.**

**WIM: Jy is reg swaer — ek kom nou net uit Ovamboland, tussen die Ovambo's uit. En nog nooit het ek in slegter geselskap verkeer as nou nie.**

**HANS: Roerend met jou eens swaer — wil jy oorkom hiernatoe?**

Tomstraat 90A

U FIRMA VIR FOTOGRAFIE

Fotokuns

Telefoon 3185
POTCHEFSTROOM


Kom besigtig ons
**GRAMMOFOONPLATE**
STEREOFONIES GEDEMONSTREER
**Kunsvlytafdeling**



U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit

***ALF'S STUDIOS***
KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432

**Alle Gekysdes en Verloofdes! ! ! !**



**Bevorder U Sake . . . . .**
Kom na
**MALAN MEUBILEERDERS**
Kerkstraat 112 Telefoon 2157

Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat 31, Potchefstroom

# U.O.V.S. Wen Interessante Skynhof

Die jaarlikse skynhofsitting tussen die Puk en U.O.V.S. het vanjaar weereens interessant verloop.

Die saak ter beslissing was 'n moordsaak. Puk (verteenwoordig deur As Burger en John Knox) het namens die staat opgetree, en U.O.V.S. (Mnre. Smit en Steenkamp) namens die verdediging. Die feite van die saak was kortliks soos volg: die beskuldigde, Mnr. Janus, word aangekla van moord op die oorledene, Mev. Boeller, wat op die aand van 3 September 1958 dood aangetref is in haar badkamer. Distriksgeneesheer, Dr. Mezzo, het getuig dat sy dood is aan strignienvergiftiging. Bewys is gelewer dat die beskuldigde op die 3de September wel wolwegif gekoop het.

Puk moes bewys dat die beskuldigde bo alle redelike twyfel die gif aan Mev. Boeller toegedien het. Hulle taak is bemoeilik omdat hulle moes steun slegs op omstandigheidsgetuienis.

U.O.V.S. aan die ander kant, het moontlik minder besonderhede ontvang waarop hulle moes werk.

Nadat Mnr. Hans van Zyl (Voorsitter van die Jurie) tevergeefs getrag het om die skuld op die beskuldigde se kampioen Borzoi-reun te pak, het die jurie uiteindelik die beskuldigde onskuldig bevind.

U.O.V.S. moet gelukgewens word met die wyse waarop hulle daarin geslaag het om die beskuldigde van die galg te red.

## Tafeltennis:

U.O.V.S. WEN

In die tafeltenniswedstryde het U.O.V.S. die Pukke verslaan met 32 spelle teenoor 16. Veral die Vrystaatse mans het die Pukke goed opgekeil —die Kovsies se eerste manspan het die Pukke 10—2 die loef afgesteek.

Die dames daarteenoor het heelwat beter gevaar en daarin geslaag om te wen.

VOLLEDIGE UITSLAE

Mans eerste span: U.O.V.S. wen 10—2.

Mans tweede span: U.O.V.S. wen 12—0.

Mans derde span: P.U. wen 7—5.

Dames eerste span: P.U. wen 7—5.

Geluk met die oorwinning, Kovsies!

**HANS: Toe jy klein was, so hoor ek, moes hulle jou aan die bed vasmaak sodat die miskruiers jou nie wegrol nie.**

**PAUL: Ek ly aan 'n voetkwaal — ek het dieselfde siekte tussen my tone wat jy tussen jou ore het.**

# TENNIS: KOVSIES ROOK DIE PYP

**MANS:**

U.O.V.S. het daarin geslaag om die Pukke met 17 stelle teen 8 stelle te klop in die eerste skote van die Intervarsity. Wat die enkelstelle betref, was dit net die kaptein van die Pukke, E. de Jager, wat gewen het. Soos die tellings egter aandui, was al die wedstryde taai en was die Pukke miskien ongelukkig om nie meer stelle te wen nie. Alle eer kom egter die Kovsies toe—hulle was die beste span.



**DAWIE DU PLESSIS — een van Puk se spogtennisspelers.**

Wat die dubbels betref, het die Pukke beter opgeweeg en hierdie afdeling van die spel is slegs met ses stelle teenoor vyf stelle deur U.O.V.S. gewen.

Die volledige telkaart was as volg:

D. du Plessis (P.U.) verloor teen E. Cronje (U.O.V.S.) 6—4, 6—2.

F. Albertyn (P.U.) verloor teen F. Groenewald (U.O.V.S.) 6—4, 6—5.

E. de Jager (P.U.) wen vir Lambrecht (U.O.V.S.) 6—2, 3—6, 6—2.

N. Taljaard (P.U.) verloor teen De Kock (U.O.V.S.) 6—3, 5—6, 6—5.

W. van Jaarsveld (P.U.) verloor teen Victor (U.O.V.S.) 6—5, 6—4.

B. Rudolph (P.U.) verloor teen J. Smit (U.O.V.S.) 6—5, 6—2.

Du Plessis en Albertyn verloor teen Groenewald en Cronje 6—3, 6—1, 6—2, maar klop Smit en Victor 6—1, 6—4. De Jager en Rudolph verloor teen Groenewald en Cronje 6—1, 6—1, maar klop Smit en Victor 6—2, 6—3. Taljaard en Van Jaarsveld verloor teen De Kock en Lambrecht, 6—5, 6—4.

**DAMES:**

Hier was U.O.V.S. se oorwinning glad nie so groot nie. Hulle het die enkelspelle gewen met 9 stelle teenoor 7 stelle, terwyl die dubbels gelykop geëindig het met 5 stelle elk.

Veral moet hier melding gemaak word van die botsing tussen S. Heyns (P.U.) en S. Marais (U.O.V.S.). Dit was die taaiste botsing van die middag; Mej. Marais het uiteindelik gewen met 2—6, 6—3, 6—4. Albei dames het besondere goeie spel gelewer en veral S. Heyns verdien vermelding vir die veiligheid waarmee sy gespeel het. Alta de Kock van die P.U. het Mej. Stander van U.O.V.S. met 6—2, 6—2 geklop. Ook Irma Schoeman van die P.U. het haar enkels teen Mitchley van U.O.V.S. oortuigend gewen met 6—1, 6—5.

Ander uitslae was as volg:

E. Faure (P.U.) verloor teen Le Roux (U.O.V.S.) 6—2, 3—6, 6—3.

S. Putter (P.U.) verloor teen Pansegrouw (U.O.V.S.) 6—1, 5—6, 6—5.

J. Meyer (P.U.) verloor teen Naude (U.O.V.S.) 6—3, 6—3.

Heyns en Faure verloor teen Marais en Le Roux 6—4, 1—6, 6—1. De Kock en Meyer klop Mitchley en Stander 6—1, 2—6, 6—2.

In albei afdelings moes die spel gestaak word voordat die laaste dubbels afgehandel is. Veral met betrekking tot die dames was dit jammer, anders kon die Pukdames dalk nog die paal gehaal het.

Ons wens U.O.V.S. geluk met hulle oorwinning.

**KORFBAL:**

## TWEEDESPAN

In 'n baie gelykop wedstryd het die Kovsies se tweede korfbalspan die Pukke in die stof laat byt met 26 teenoor 20. Die spanne het goed teenoor mekaar opgeweeg, maar vir die Puk was dit 'n afdag.



DIS FEESTYD
MET
**TURKSTRA**
SE GEBAK!

**REBA-KAFEE**
**Tomstraat 88**
DORS?
HONGER?
Bestorm ons om kronies versadig te raak.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"
BESOEK —
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei • WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK
asook • KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP
(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"



**MOENIE SOEK NIE!**
**'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind**
**Aptekers J. P. van der Walt**
(EDMS.) BPK.
POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK
**Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929**